# SURROGAATMOEDERSKAP: 'N TEOLOGIES-ETIESE BEOORDELING

P.J. de Bruyn
Departement Dogmatologiese Vakke
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*Surrogate motherhood is the process by which a woman (the surrogate mother) conceives, carries and gives birth to a child for another woman or couple. Surrogate motherhood is related to issues such as masturbation, artificial insemination, in vitro fertilization (in vitro conception) and experimentation with embryos, which could entail the destruction or killing of embryos. Opinions about these matters would undoubtedly influence one's perception of surrogate motherhood. Christians believe that conception in or outside the human body is made possible by God. God gives life at the moment of conception. Therefore an embryo can never be considered as mere matter. From a Christian point of view it is not imperative to condemn surrogate motherhood in all instances. Nevertheless, in view of what is taught in the Holy Scriptures and also because of certain practical implications, Christians cannot but be negative about the whole issue and would therefore hesitate to make use of such procedures.*

## 1. INLEIDING

### 1.1 Wat is surrogaatmoederskap

Surrogaatmoederskap is die proses waarvolgens 'n vrou (die surrogaatmoeder) uitvoering gee aan 'n onderneming om vir 'n ander vrou of vir 'n egpaar 'n kind te baar. Die rede vir so 'n ooreenkoms is gewoonlik dat die egpaar ten behoewe van wie so 'n ooreenkoms tot surrogaatskap onderneem word, vanweë probleme wat die vrou ervaar, nie kinders van hulle eie kan hê nie. Ingevolge hierdie ooreenkoms onderneem die surrogaatmoeder dat 'n embrio ('n bevrugte eisel) wat ontstaan het uit die versmelting van die opdraggewende egpaar se geslagselle (die vrou se ovum en die man se sperma) in haar baarmoeder ingeplant word sodat die kind in haar groei tydens swangerskap en sy aan die kind geboorte gee. Dit word beskou as volledige surrogasie. Dit is natuurlik ook moontlik dat die surrogaatmoeder bevrug kan word as sy met die sperma van die man van die opdraggewende egpaar geïnsemineer word. Dit word beskou as gedeeltelike surrogasie.

By volledige surrogasie word die vrou se ryp eisel op die regte tyd deur 'n kleinerige

operasie uitgehaal. 'n Snit van slegs een sentimeter is daarvoor nodig. Deur gebruikmaking van vrugbaarheidsmiddels is dit moontlik om meer as een ryp eisel te verkry. Medici verkies ook meer as een ryp eisel in die lig van die swak resultate om 'n geskikte embrio te verkry. Die bevrugting van die vrou se ovum met die man se sperma vind *in vitro* (d.w.s. in 'n glasbuis of proefbuis) buite die liggaam plaas. Sodra die bevrugtingsproses plaasgevind het en 'n geskikte embrio (of meer as een) verkry is, word dit in die baarmoeder van die surrogaatmoeder ingeplaas en swangerskap begin as alles suksesvol verloop het (Van der Merwe, 1982:3-7; vgl. Nelson & Rohricht, 1984:89; De Bruyn, 1990:9).

As die vrou van die opdraggewende egpaar self nie 'n geskikte ovum kan verskaf nie, kan 'n ander vrou se ovum gebruik word en met die sperma van die man van die opdraggewende egpaar bevrug word. Daarna kan die embrio in die baarmoeder van die surrogaatmoeder ingeplant word.

Vanselfsprekend is dit ook moontlik dat sowel die ovum, as die sperma van 'n ander vrou en 'n ander man as die opdraggewende egpaar afkomstig kan wees. Sedert 1984 is dit ook moontlik dat 'n embrio van een vrou na 'n ander (die surrogaatmoeder) oorgedra kan word (Nelson & Rohricht, 1984:89).

### 1.2 Doel

Die doel van hierdie uiteensetting is om te oorweeg of surrogaatmoederskap vir die Christen eties aanvaarbaar is of nie.

### 1.3 Aktualiteit

Surrogaatmoederskap is tans wêreldwyd, en in die besonder in Suid-Afrika, 'n aktuele saak. Dit blyk uit die volgende:

- Solank as wat daar egpare is wat kinderloos is maar graag kinders wil hê en tog nie kinders van hulle eie op 'n normale wyse kan hê nie, sal enige metode om wel kinders van hulle eie te hê, belangstelling wek. Daarom is dit vanselfsprekend dat hulle ook aan surrogaatmoederskap oorweging sal skenk. Weil (1983:139) sê in dié verband: "Surrogate motherhood is an increasingly attractive option for today's childless couples."

- Surrogaatmoederskap het in Suid-Afrika besonder aktueel geword sedert 1987 toe mevrou Pat Anthony van Tzaneen haar eie drieling-kleinkinders verwag het en aan

hulle geboorte gegee het. Sy het dit gedoen in belang van haar dogter en skoonseun aangesien haar dogter, mevrou Karen Ferreira-Jorge geen kinders meer in die wêreld kon bring nie omdat haar baarmoeder verwyder is.

* Die Suid-Afrikaanse Regskommissie is tans besig met navorsing met die oog op die daarstelling van 'n nuwe wet wat surrogaatmoederskap in die toekoms sal reël.

### 1.4 Noodsaaklikheid

Die noodsaaklikheid van besinning oor surrogaatmoederskap blyk uit die volgende stellings van Nelson en Rohricht (1984:97) daaroor: "Clearly there are many questions of psychological nature in regard to the use of surrogate mothers. They also raise ethical questions. And the answers at this time are far from clear." Hoewel dit in 1984 geskryf is, is die situasie tans nog tot 'n groot mate onveranderd soos duidelik blyk uit die vraelys wat op versoek van die Suid-Afrikaanse Regskommissie aan die begin van 1990 beantwoord moes word.

### 1.5 Maatstaf

Die maatstaf vir beoordeling wat hier aangewend word, is die geopenbaarde wil van God soos dit gevind word in sy Woord en soos daaraan gestalte gegee word in die belydenisskrifte. Die hermeneutiese reëls waarvolgens die Skrif in hierdie voordrag verklaar word, is in hoofsaak dié wat aangedui word in die artikel van Coetzee, *et al* (1980:12-26).

### 1.6 Begrensing

Om 'n goeie perspektief op surrogaatmoederskap te kry, sal dit nodig wees om aan sake soos masturbasie, kunsmatige inseminasie en *in vitro*-bevrugting aandag te gee aangesien surrogaatmoederskap daarsonder onmoontlik is, behalwe as 'n kind in 'n owerspelige verhouding verwek word. Genoemde drie sake sal egter slegs behandel word in soverre hulle op surrogaatmoederskap betrekking het en nie as selfstandige onderwerpe nie.

### 1.7 Werkplan

In die uiteensetting sal aan die volgende sake aandag gegee word:

* 'n kort historiese oorsig van die praktyk van surrogaatmoederskap;
* die wetlike posisie van kinders wat uit surrogaatmoederskap gebore is;
* vermeende voorbeelde van surrogaatmoederskap in die Bybel;
* praktyke wat baie nou aan surrogaatmoederskap verbonde is;
* prinsipieel-etiese oorwegings ten opsigte van surrogaatmoederskap.

Aan die einde sal 'n samevatting en gevolgtrekking gegee word. Ook sal enkele riglyne vir moontlike optrede aangedui word.

## 2. HISTORIESE OORSIG

Surrogaatmoederskap het in 'n sekere sin sy begin in 1976 gehad toe 'n Libanese egpaar 'n prokureur, Noel P. Keane, in Dearborn, Michigan in die VSA besoek het met 'n vreemde versoek. Hulle het hom gevra om 'n vrou te vind wat bereid is om deur kunsmatige inseminasie met die man se sperma bevrug te word, die kind tydens die swangerskap te dra, aan hom/haar geboorte te gee en daarna aan hulle te oorhandig (Keane, 1983:155).

Sedertdien het Keane hom daarop toegelê om surrogaatmoeders vir kinderlose egpare te kry. In 1982 het hy reeds kantore vir die doel in 10 stede van die VSA gehad. Op daardie stadium het daar met behulp van sy reëlings reeds 15 geboortes uit surrogaatmoeders plaasgevind en binne twee maande daarna sou daar nog 12 sulke geboortes plaasvind (Keane, 1983:155-156). Elizabeth Kane ('n skuilnaam) word beskou as die eerste wettige surrogaatmoeder (Leigh, 1982:18-19,21).

Aanvanklik het vrouens ingewillig om gratis as surrogaatmoeders op te tree en net hulle mediese onkoste is deur die opdraggewende ouers gedra. Later het hulle begin om vergoeding te vra. Terwyl die totale koste verbonde aan die hulp vir die eerste egpaar wat Keane gehelp het, slegs 1 000 dollar was, het die totale koste per geval in 1982 reeds 22 000 dollar beloop (Keane, 1983:156). En volgens Nelson en Rohricht (1984:105) het dit selfs al gestyg tot 40 000 dollar (ongeveer R100 000 teen die huidige wisselkoers). Hierdie betaling van vergoeding aan surrogaatmoeders het, volgens Keane (1983:157) een van die grootste probleme by surrogaatmoederskap geword.

Keane (1983:157) het aan die begin groot probleme op juridiese gebied ondervind. Surrogaatmoederskap teen vergoeding is toe beskou as die koop en verkoop van babas en dit was deur die wet in die VSA verbied. Intussen het sekere state reeds begin om dit te wettig.

Spoedig is daar ook in ander lande 'n begin gemaak met die praktyk van surrogaatmoederskap. In Engeland is daar in 1978 baie stof opgeskop toe 'n egpaar 'n prostituut betaal het om as surrogaatmoeder op te tree en sy na die geboorte geweier het om die kind aan hulle te oorhandig. Baie publisiteit is ook gegee aan Kim Cotton wie se kind na geboorte onder die sorg van die hof geplaas is (Moore, 1985:18-20; Anon., 1985:20-22; Venter, 1988:10-11).

In Frankryk het die geval van die tweelingsusters, Christine en Magali, besondere bekendheid verkry. Christine het kinders gehad maar Magali kon nie swanger raak nie. Christine is toe op haar suster se versoek met die sperma van Magali se man geïnsemineer. Dit was egter juis die swangerskap wat daaruit voortgespruit het wat 'n verwydering tussen die twee susters teweeggebring het. Na die geboorte van die seun op 27 April 1983 het Magali hom in ontvangs geneem en die twee susters se weë het geskei (Porlier, 1983:16-19; Venter, 1988:16-19).

In Suid-Afrika het surrogaatmoederskap duidelik onder die aandag van die publiek gekom toe mevrou Pat Anthony van Tzaneen haar eie drieling-kleinkinders verwag en aan hulle geboorte gegee het. Aangesien die kinders volgens wet as haar eie beskou is, moes sy van hulle afstand doen en aanbied vir aanneme, en haar dogter, mevrou Karen Ferreira-Jorge, en haar man moes die kinders volgens 'n wetlik voorgeskrewe prosedure aanneem voor die drie as hulle wettige kinders beskou kon word.

Uit hierdie kort historiese oorsig is dit duidelik dat die pad van surrogaatmoederskap beslis nie 'n pad sonder dorings en slaggate is nie.

## 3. DIE WETLIKE POSISIE VAN SO 'N KIND GEBORE UIT SURROGAATMOEDERSKAP

In Suid-Afrika word die wetlike posisie van 'n kind wat uit 'n surrogaatmoeder gebore word, tans gereël deur artikel 5 van die *Wet op die Status van Kinders* (Suid-Afrika, 1987:5). Dit bepaal dat sulke kinders aan die surrogaatmoeder behoort, met die gevolg dat hulle slegs deur wetlike aanneming die 'eiendom' van hulle biologiese ouers kan word. In die geval van mevrou Pat Anthony en haar dogter en skoonseun waarna hierbo verwys is, het dit ook so verloop.

Behalwe vir bogenoemde wet bestaan daar tans geen eksplisiete wetgewing in Suid-Afrika wat die surrogaatskap reguleer of verbied nie. Die *Wet op Menslike Weefsel* (Suid-Afrika, 1983) maak egter voorsiening vir die voorwaardes waaronder gamete (geslagselle van óf die man óf die vrou) verwyder mag word. By die *Wet op Menslike Weefsel* is daar in 1986 regulasies bygevoeg waardeur die kunsmatige bevrugting van

persone gereguleer word (Suid-Afrika, 1986:28-35).

Aangesien daar baie probleme aan surrogaatmoederskap verbonde is en dit nie deur bogenoemde wette en regulasies op die beste wyse gereël word nie, het die owerheid die Suid-Afrikaanse Regskommissie opdrag gegee om die hele saak grondig te bestudeer en aanbevelings daaroor te doen. Waarskynlik sal dit daarop uitloop dat 'n nuwe wet oor die saak gepromulgeer sal word.

## 4. VOORBEELDE VAN SURROGAATMOEDERSKAP IN DIE BYBEL?

Surrogaatmoederskap word soms verdedig met 'n beroep op die Skrif. Die kind wat Abram by Hagar het (Gen. 16) en die kind wat Jakob by Bilha het (Gen. 30) sou dan op surrogasie dui (vgl. Venter, 1988:33; Weil, 1983:139; Veldhuis, 1987:15).

Hierdie Skrifberoep moet met groot omsigtigheid gehanteer word. Enersyds kan 'n mens die situasie van destyds nie sonder meer met vandag vergelyk nie omdat poligamie onder die mense van daardie tyd 'n gebruiklike en aanvaarde lewenswyse was, al was dit nie ooreenkomstig God se oorspronklike bedoeling met die huwelik nie. Op hierdie wyse kon 'n man wel kinders ('n nageslag) kry, terwyl een of meer van sy vrouens kinderloos kon wees. Hier is dus geen sprake van buite-egtelike ova of sperma wat betrokke is nie, want volgens die siening van daardie tyd het die vrou met haar slavin aan die man behoort en kon hy ook kinders by die slavin verwek. Aan die betrokke vrouens se kinderloosheid en die leed wat hulle - veral destyds - as gevolg daarvan ervaar het, kon geen mens iets doen nie. God alleen kon (vgl. Gen. 30:1). Hierdie vrouens moes dus leer om met hulle leed saam te leef en die kruis in die krag wat God gee te aanvaar en te dra.

Andersyds kan nie ontken word nie dat daar in Genesis 16 en 30 sekere aspekte na vore kom wat vir die Christen tans wel 'n bepaalde betekenis het by die beoordeling van surrogaatmoederskap. In albei gedeeltes is daar immers ooreenkomste met gedeeltelike surrogaatmoederskap soos in punt 1.1 aangedui. Sarai en Ragel het albei die probleem van kinderloosheid en sien die oplossing vir hulle probleem daarin dat *'n ander vrou* vir hulle kinders in die wêreld bring wat dan *hulle eie word*. Hier is dus sprake van 'n opdrag of 'n versoek van die vrouens aan hulle mans.

In hierdie verband is veral die optrede van Sarai opvallend. Hoewel poligamie destyds 'n gebruiklike en aanvaarbare lewenswyse was, was dit tog nie in ooreenstemming met God se oorspronklike bedoeling met die huwelik nie. Waarskynlik het veral Abram dit besef en was dit ook die rede waarom hy net een vrou gehad het en dit ook nie oorweeg het om 'n tweede te neem toe Sarai geen kinders in die wêreld kon bring nie.

Daarom was Sarai se versoek aan Abram om 'n kind by Hagar te verwek dus wel 'n vorm van surrogasie. Sy - anders as die geval by Jakob - was immers Abram se *enigste wettige* vrou.

In die betrokke twee Skrifgedeeltes kan duidelik gesien word wat die belewenisse van kinderlose vrouens en egpare is, maar ook dat die oorweging en uitvoering van surrogasie 'n uiters emosioneel-belaaide saak is.

Sarai het vanweë haar eie skynbare onvermoë om 'n kind in die wêreld te bring, die voorstel aan Abram gemaak om 'n kind by Hagar te verwek (Gen. 16:1, 2). Abram doen dit ook. Toe Hagar besef dat sy swanger is, het sy Sarai geminag (Gen. 16:4). Sarai reageer daarop deur enersyds Abram onregverdiglik te beskuldig dat hy die oorsaak is dat Hagar haar minag en andersyds deur Hagar so sleg te behandel dat sy wegloop (Gen. 16:5, 6).

In die geval van Ragel was die situasie net so emosioneel belaai. Sy was moedeloos oor haar kinderloosheid en terselfdertyd jaloers op haar suster wat wel kinders het (Gen. 30:1). Sy beskuldig Jakob onregverdig vir haar kinderloosheid as sy die onsinnige eis aan hom stel: "Gee vir my seuns, anders sterf ek" (Gen. 30:1). Jakob vererg hom vir haar en vra of hy die werk van God kan doen (Gen. 30:2). Dan bied sy haar slavin Bilha vir Jakob aan sodat hy by haar 'n kind kan verwek en sy "vir Ragel" (vgl. "op my knieë") 'n kind in die wêreld kan bring (Gen. 30:3, 4). Ragel sê dat die geboorte van Dan 'n verhoring van haar gebed is (Gen. 30:6). Volgens Aalders (1963:214-215) egter het dit vir Ragel in werklikheid nie om God of om die seën van God gegaan maar bloot daarom dat Hy aan haar *kinders* moes gee. Ragel se ware gesindheid kom ook na vore as sy, nadat Bilha 'n tweede kind, Naftali, gebaar het, verklaar dat sy "in 'n bitter swaar stryd" met haar suster gewikkel was en uiteindelik oorwin het (Gen. 30:7, 8). Daaruit blyk dat jaloesie nog steeds haar eintlike dryfveer was (vgl. Gen. 30:1; Aalders, 1963:214-215).

Uit al hierdie gegewens is dit duidelik dat 'n vorm van gedeeltelike surrogasie volgens die Bybel destyds wel bekend was en binne die poligame huwelik aangewend is om kinderloosheid te oorkom. Daaruit is dit egter ook duidelik dat hierdie gedeeltelike surrogasie dikwels met sondige motiewe en baie probleme gepaard gegaan het.

## 5. VERBANDHOUDENDE PRAKTYKE

Dit is onmoontlik om surrogaatmoederskap te behandel los van sekere praktyke waarsonder dit nie verwerklik kan word nie. Daar is minstens drie sulke praktyke, naamlik *masturbasie, kunsmatige inseminasie* en *in vitro-bevrugting*. 'n Vierde praktyk wat in die

lig van die werklike verloop van sake nie oorgeslaan kan word nie, is *die eksperimentering met en die vernietiging van embrio's*. 'n Vyfde saak wat op al vier die voorgaande betrekking het, is die verwyt dat dit alles bygedra het tot *'n vertegnisering van bevrugting* en dat surrogaatmoederskap ook om dié rede nie aanvaarbaar is nie.

### 5.1 Die rol van masturbasie

Daar is mense wat beswaar het teen surrogaatmoederskap omdat die sperma van die man wat vir die in vitro-bevrugting van die ovum nodig is, gewoonlik by wyse van masturbasie verkry word (vgl. Lindeboom, 1960:79; Pieterse, 1982:33).

Ook is dit waar dat masturbasie in die gereformeerde teologiese etiek afgewys word (Heyns, 1986:161-162; Du Toit, 1989a:31-32). Die vernaamste redes daarvoor is die volgende:

* By masturbasie is 'n persoon net met homself/haarself besig vir persoonlike seksuele bevrediging en sy/haar seksualiteit word nie met 'n persoon van die ander geslag beoefen soos God dit bedoel het nie.

* Masturbasie bied wel fisiese bevrediging, maar wek daarna 'n psigiese onbehaaglikheid - 'n gevoel wat nooit na normale geslagsgemeenskap in die huwelik voorkom nie.

* Masturbasie openbaar 'n gebrek aan selfbeheersing (vgl. Gal. 5:22; Spr. 16:32; 25:28).

Velema (1988:186) het nie net oor die algemeen beswaar teen masturbasie nie, maar in die besonder dat sperma van die man deur masturbasie verkry word met die oog op *in vitro*-bevrugting en eventuele surrogaatmoederskap daarna. Volgens hom word die wese van menslike verwekking daardeur aangetas omdat daar 'n saadstorting by die man sonder 'n liggaamlike vereniging met sy vrou plaasvind. Wat dan volg, is nie meer verwekking nie maar blote bevrugting. Verwekking en voortplanting word immers slegs verwerklik in die persoonlike, liggaamlike kontak as uitdrukking van die liefdesverbond.

Wat eersgenoemde drie algemene besware teen masturbasie betref, moet toegegee word dat dit inderdaad gegrond is as masturbasie bloot selfbevrediging ten doel het. Tog is dit 'n ope vraag of daaraan rigoristies vasgehou moet word as selfbevrediging nie die primêre doel is nie maar juis die verkryging van kinders. Trouens, in die Christelike etiek mag daar enersyds nie geoordeel word vanuit 'n abstrakte, rigiede

dogmatisme wat met die konkrete situasie geen rekening hou nie, maar andersyds ook nie vanuit 'n vae, relativerende Christelikheid en situasie-etiek waar die mens self besluit wat God se wil vir hom is nie. Die Christelike etiek moet 'n persoon se optrede omvattend in die lig van die Skrif beoordeel binne die geheel van die situasie waarin hy hom bevind en aandui wat God se wil vir hom in daardie situasie is (vgl. Louw, 1988:74-75; Pieterse, 1982:34).

As masturbasie dus plaasvind, nie primêr vir selfbevrediging nie maar juis om kinders te kry met alles wat dit vir 'n egpaar kan beteken, behoort daar nie beswaar daarteen te wees as dit spesifiek vir hierdie doel plaasvind nie.

Wat Velema se beswaar betref, moet opgemerk word dat hy skynbaar uit die oog verloor dat 'n mens by masturbasie met die oog op *in vitro*-bevrugting en surrogaatmoederskap te doen het met abnormale situasies van mense wat graag kinders wil hê maar dit nie op 'n normale wyse kan kry nie. In abnormale situasies is dit dan ook heel dikwels nodig om anders as normaal op te tree - mits dit voor God verantwoord kan word (Buys, 1976a:1-10).

### 5.2 Kunsmatige inseminasie

Aangesien surrogaatmoederskap ook deur kunsmatige inseminasie verwerklik kan word, moet kortliks ook daaroor besin word (vgl. Lindeboom, 1960:78).

God het die struktuur van die huwelik daargestel en vir die egpaar die eis van huwelikstrou teenoor mekaar daaraan verbind. Daarom word daar in die gereformeerde teologiese etiek die standpunt gehuldig dat *homoloë inseminasie*, dit wil sê as die vrou met die sperma van haar eie man geïnsemineer word (AIH), aanvaarbaar is. Daarteenoor word *heteroloë inseminasie* waar die vrou met die sperma van 'n skenker geïnsemineer word (AID), beskou as 'n vorm van owerspel en as eties onaanvaarbaar (Bouwman, 1959:616). Buys (1976b:13) noem dit "koue owerspel" en De Vries (1970:184) en Douma (1978:32) noem dit "kunsmatige owerspel". Dit is 'n daad wat dieselfde resultaat het as natuurlike owerspel (Schellen, 1960:124), want daardeur word die eksklusiewe huweliksverbintenis van één man en één vrou geskend omdat 'n 'derde' in hulle verhouding ingebring word (Heyns, 1986:208-209). Daarby kom nog dat as 'n ander man se sperma gebruik word, die moontlikheid - hoe gering dit ook mag wees - altyd bestaan dat 'n halfbroer en -suster met mekaar kan trou en sonder dat hulle dit weet by 'n bloedskandige verhouding betrokke raak (vgl. Nelson & Rohricht, 1984:92,100; Metelerkamp, 1984:158-159).

In die lig hiervan is dit duidelik dat die bewerking van surrogaatmoederskap deur

heteroloë kunsmatige inseminasie (AID) eties nie aanvaarbaar is nie.

### 5.3 *In vitro*-bevrugting

In punt 1.1 is reeds aangedui wat *in vitro*-bevrugting behels.

Vanselfsprekend geld dieselfde beginsel hier as by kunsmatige inseminasie (punt 5.2), naamlik dat die sperma en die ovum afkomstig moet wees van 'n man en vrou wat wettiglik getroud is.

'n Ander probleem wat juis by *in vitro*-bevrugting opduik, is die aantal embrio's wat bekom word. Soos reeds aangedui (punt 1), kan meer as een ryp eisel van 'n vrou verkry word nadat sy vrugbaarheidsmiddels gebruik het. Dit kan weer tot gevolg hê dat meer embrio's verkry kan word was wat nodig is vir inplanting in die surrogaatmoeder. Volgens Velema (1988:90) is dit die behandelingsmetode wat by *in vitro*-bevrugting gevolg word wat daartoe lei dat daar soms 'n *oorskot van embrio's* is.

In die lig van die swak resultate wat verkry word, word daar dikwels nie slegs een embrio in 'n surrogaatmoeder geplaas nie maar verskeie. Dit kan egter tot gevolg hê dat as al die embrio's ontwikkel, dit fisies vir die betrokke vrou onmoontlik kan wees om hulle tydens swangerskap te dra. Dit kan weer daartoe lei dat een of meer van hulle deur aborsie verwyder moet word. Vanselfsprekend is dit 'n praktyk wat in die lig van Skrif en belydenis ten sterkste afgewys moet word.

Maar selfs nadat verskeie embrio's in 'n surrogaatmoeder ingeplant is, bly daar dikwels nog oor. Die resultaat hiervan is dat die oortollige embrio's óf vernietig word, óf in eksperimente vir navorsing gebruik word. Dit is die probleem wat in die volgende punt behandel word.

### 5.4 Eksperimentering met en die vernietiging van embrio's

Verskeie persone is voorstanders van eksperimentering met embrio's. De Beaufort (1985:163) het geen beswaar daarteen dat eiselle vir die doeleindes van navorsing uit 'n vrou verwyder word, bevrug word en wat oorbodig is vernietig word nie, mits die skenkers hulle toestemming daarvoor gee en die ondersoek belangrik is. Die embrio is volgens haar maar net 'n klompie selle wat 'n laer morele status as die fetus het.

Nelson en Rohricht (1984:113) het ook geen beswaar teen eksperimente met embrio's wat op die vernietiging daarvan uitloop nie. Hulle motiveer hulle siening deur daarop

te wys dat dit nie net bevrugting is wat noodsaaklik is vir die ontstaan van 'n mens nie maar ook die hegting aan die baarmoederwand. Ook is dit vasgestel dat omtrent 40% van alle bevrugte ova nooit aan die baarmoederwand heg nie; gevolglik word dit uitgeskei en verdwyn (vgl. Du Toit, 1989b:107). Verder beklemtoon hulle ook die waarde wat navorsing vir die toekoms kan hê.

Pieterse (1982:34) se siening stem baie ooreen met dié van Nelson en Rohricht. Hoewel hy nie eksperimente met embrio's met soveel woorde bepleit nie, is die implikasie van sy standpunt dat dit wel gedoen kan word. Hy aanvaar weliswaar dat lewe met bevrugting begin, maar is tog van oordeel dat daar nie van werklike lewe sprake kan wees as die embrio nie in die baarmoeder van die vrou is nie. Hy sê (1982:34): "Bevrugte eiers buite die baarmoeder het immers geen kans op lewe of ontwikkeling nie. Slegs die bevrugte eier ingeplant in die baarmoeder het kans op ontwikkeling. Die beswaar teen 'n bevrugte eier wat geaborteer word, kan dus net geld van 'n bevrugte eier in die *baarmoeder*."

Hierdie sienswyse en die praktyke wat daaruit voortvloei, is in die lig van die Skrif onaanvaarbaar omdat dit wesenlik 'n oortreding van die sesde gebod is. Tereg sê Sevenster (1989:118): "Vir diegene wat glo dat lewe bestaan van die oomblik van bevrugting (af), is die weggooi of vernietiging van embrio's onaanvaarbaar."

Sodra bevrugting plaasgevind het, is daar 'n mens wat begin het om te lewe omdat God as Skepper aan hom/haar die lewe gegee het. Die geweldige belangrikheid van bevrugting word juis deur die proses van *in vitro*-bevrugting beklemtoon: as daar nie bevrugting plaasvind en 'n embrio ontstaan nie, kan daar geen swangerskap wees en geen kind gebore word nie (Velema, 1988:197). Dit is dus nie die *ontstaan* van lewe wat van hegting aan die baarmoederwand afhanklik is nie, maar die *voortbestaan* van lewe wat daarvan afhanklik is. Hegting aan die baarmoederwand op ongeveer die sewende dag na konsepsie, is reeds 'n volgende fase in die proses van swangerskap. Daarby is dit nie minder of meer belangrik as enige van die daaropvolgende fases nie. Elkeen van daardie fases moet suksesvol verloop anders vind daar gewoonlik 'n miskraam plaas. Om dus, in die woorde van Du Toit (1989b:108) "na die embrio van die eerste 14 dae te verwys as die 'pre-embrio', soos tans in sommige kringe gebeur, is nie alleen volkome onwetenskaplik nie, maar ook blatante oneerlikheid en bedrog".

As dit waar is dat 40% van alle menslike embrio's uiteindelik spontaan verlore gaan, is dit nie 'n saak waaroor die mens beheer het nie maar God, net soos Hy 'n mens se sterfdatum bepaal. Du Toit (1989b:107), wat hierdie saak uit die oogpunt van die sonde beskou, verklaar: "Die verskynsel van die verlore embrio's kan nie as 'n norm funksioneer nie omdat die natuur, wat in die sondeval deel, nie as 'n normpoel gesien mag word nie. Daarby is daar 'n groot verskil tussen wat 'natuurlik' gebeur en wat

deur die mens op 'n doelbewuste wyse gedoen word." Bowendien, as hierdie argument as geldig aanvaar sou word, sou 'n mens uit die feit dat vrouens dikwels miskrame (spontane aborsies) het, moet aflei dat die fetus nie as mens met 'n menslike lewe beskou mag word voor so 'n miskraam onmoontlik is nie.

Daarby kom nog dat, uit juridiese oogpunt gesien, 'n embrio dieselfde status het as 'n fetus. Strauss (1982:555) verklaar in dié verband: "Daar is beslis dat daar regtens geen onderskeid is tussen 'n embrio en 'n vrug (*foetus*) nie (*S v Collop*). Die vernietiging van 'n bevrugte eiersel (*ovum*) van die vrou kom derhalwe op vrugafdrywing neer" (vgl. Kroeze, 1989:124).

> Die beslissende gebeure is die vereniging van die manlike en vroulike saad- en eiselle, 'n gebeure waarby 'n volledige nuwe genetiese entiteit tot stand kom. By hierdie bevrugte eisel word niks bygevoeg nie: dit wat later die volwasse mens uitmaak, is reeds vanaf die eerste oomblik in beginsel *alles* teenwoordig. Daarom kan geen latere punt of fase in sy ontwikkkeling as die magiese punt van menswording gesien word nie ... Wie hierdie lewe afsny, beëindig nie maar net 'n potensiaal nie, maar beroof dit van die unieke menslike lewe wat dit *alreeds* is (Du Toit, 1989b:108).

Om 'n embrio te 'fabriseer' bloot om dit vir navorsingsdoeleindes te gebruik en dit in die proses van navorsing of daarna te vernietig, of om dit weg te gooi omdat daar op die ou end te veel embrio's is wat in die surrogaatmoeder ingeplant kan word, beteken om 'n menslike lewe wat God reeds laat begin het - al is dit in 'n proefbuis - en wat wetlike beskerming behoort te geniet, te beëindig. Terwyl dit dan ook reeds openlik erken word dat verskeie pasiënte as gevolg van geneeskundige eksperimente oorlede is (Lindeboom, 1960:152), kan 'n mens verwag dat minstens sommige geneeshere baie minder bekommerd sal wees as embrio's verlore gaan of vernietig word.

Hieruit is dit duidelik dat in die hele proses van en al die aksies rondom surrogaatmoederskap die feit dat lewe - ook embrionale lewe - 'n gawe en werk van God is, en waarop die sesde gebod betrekking het, nie hoog genoeg gewaardeer word nie. Waarskynlik moet dit daaraan toegeskryf word dat baie van die wetenskaplikes wat die eksperimente uitvoer, die embrio's uit 'n materialistiese oogpunt bloot as 'n klompie selle of hoogstens as menslike weefsel sien. Gevolglik word lewe in sy vroeë stadium ook nie gerespekteer nie. Hierdie gebrek aan respek vir die mens in sy embrionale stadium hang volgens Velema (1988:187) ten nouste saam met die liberalisering van aborsie. In 'n gemeenskap waar aborsie op aanvraag kan geskied, kan 'n mens verwag dat daar vir 'n embrio nog minder respek sal wees as vir 'n fetus.

Nog ander besware[1] kan teen eksperimentering met en vernietiging van embrio's ingebring word (vgl. Phillips & Dawson, 1985:83; Sevenster, 1989:118.) Daarop word nie nou verder ingegaan nie.

### 5.5 Die vertegnisering van bevrugting

Velema (1988:189) het ernstige beswaar teen surrogaatmoederskap, nie slegs vanweë die feit dat 'n surrogaatmoeder gebruik word nie, maar veral omdat masturbasie, *in vitro*-bevrugting en soms ook kunsmatige inseminasie noodsaaklike voorwaardes vir die verwerkliking van surrogaatmoederskap is. Hy beskou dit as 'n vertegnisering of 'n versaakliking of 'n 'verdingliking' (*Verdinglichung*) van bevrugting en voortplanting (1988:190-191). Die belangrikste redes wat hy vir sy siening aanvoer, is die volgende (1988:186-188):

* *Voortplanting word losgemaak van die beseëling van die liefdesgemeenskap van man en vrou* - 'n mens kan immers die geslagtelike vereniging die beseëling van die liefdesgemeenskap noem. By *in vitro*-bevrugting word die persoonlike en intieme verhouding wat liggaamlik voltrek word, vervang met 'n daad wat die geneesheer aan die vrou verrig.

* *Baie proewe en eksperimente moet uitgevoer word* voordat *in vitro*-bevrugting en surrogaatmoederskap uitgevoer kan word.

* *Die wonder van God se seën in vrugbaarheid en voortplanting word van sy unieke aard beroof en in die hande van 'n derde gegee.* Deur die vertegnisering van voortplanting word dit tot objek van wetenskaplike prestige en sukses gemaak; daarom kan 'n mens nie langer praat van die seën wat God aan vrugbaarheid en voortplanting verbind nie, want die mens tree hier op as beheerser van die lewe. Deur sodanige optrede stel die mens hom nie onder die Skepper nie maar langs die Skepper en wil die mens die werk van God as Skepper oorneem.

Wat Velema se tweede beswaar betref, moet hy grotendeels gelyk gegee word soos reeds in punt 5.4 aangedui is.

---

[1]Hierdie besware is die volgende:

* Dit ondermyn die uniekheid van die menslike lewe (Phillips & Dawson, 1985:83).
* Eksperimentering op 'n embrio wat nie tot die betrokkene se voordeel is nie, is eties gesproke 'n onnodige en onaanvaarbare inmenging met 'n lewende wese (Sevenster, 1989:118-119).
* Die ova van die vrou word uitgebuit: "Ovumskenking kan nie in dieselfde lig as spermskenking gesien word nie. Die verkryging van die ova is 'n baie meer komplekse situasie en is 'n onnodige uitbuiting van die vrou as bron van ova" (Sevenster, 1989:119).

Ten opsigte van sy eerste beswaar, naamlik dat geslagsgemeenskap en voortplanting van mekaar losgemaak word, moet eerstens in gedagte gehou word dat dit betrekking het op 'n abnormale situasie waar 'n egpaar graag kinders van hulle eie wil hê maar nie kan kry nie. In so 'n abnormale situasie is 'n sekere mate van abnormale optrede dikwels geregverdig, hoewel 'n Christen ook dan daadwerklik daarna moet streef om in alles aan God se gebooie gehoorsaam te bly (vgl. Buys, 1976a:1-10). Die blote feit dat bevrugting in so 'n abnormale situasie met behulp van sekere tegnieke buite die liggaam plaasvind, is op sigself ook nog nie 'n oortreding van enige gebod van God nie, al geskied so 'n bevrugting anders as wat dit normaalweg sou plaasvind.

Tweedens beteken so 'n eenmalige ingreep nie dat die seksuele verhouding van die man en die vrou enige skade aangedoen word nie. Dit kan daarna net soos tevore sonder enige probleme voortgesit word.

Wat Velema se derde beswaar betref, naamlik dat die mens die werk van God as Skepper oorneem, is dit te betwyfel of dit werklik gewig dra. Dit is immers steeds God as Skepper wat bevrugting ook *in vitro* moet laat plaasvind. As God, ondanks al die gebede - ook die van die geneesheer - daarvoor, dit nie doen nie, sal daar geen *in vitro*-bevrugting plaasvind nie. Hier staan die mens magteloos en moet hy sy volkome afhanklikheid van God as Skepper erken (vgl. punt 4).

Dit wil dus voorkom of Velema se besware teen *in vitro*-bevrugting en surrogaatmoederskap, naamlik dat dit 'n vertegnisering van bevrugting is, nie veel gewig dra nie. Sy beswaar teen eksperimente met embrio's is wel geregverdig.

## 6. PRINSIPIEEL-ETIESE OORWEGINGS TEN OPSIGTE VAN SURROGAATMOEDERSKAP

Die volgende prinsipieel-etiese oorwegings moet in gedagte gehou word by die beoordeling van surrogaatmoederskap:

### 6.1 God is die enigste Skepper van lewe

'n Basiese uitgangspunt wat by die beoordeling van surrogaatmoederskap van grondliggende betekenis is, is die feit dat God die Skepper van alle lewe is. Geen mens kan uit sy eie lewe bewerk nie; God alleen kan dit laat ontstaan. In die proses van die verwekking van nuwe lewe maak God gebruik van mense. Normaalweg vind geslags-

gemeenskap en daarna bevrugting plaas. As God nie bevrugting laat plaasvind nie, sal geen kind gebore word nie. Dit blyk duidelik uit die geskiedenis van Sara (Gen. 15-17), Rebekka (Gen. 25:21), Ragel (Gen. 30), Hanna (1 Sam. 1) en Elisabet (Luk. 1). Dit beteken dat elke nuwe lewe gesien moet word as 'n skeppingsdaad van God, al is die mens ook instrumenteel in die proses.

Terwyl dit nou geblyk het dat 'n mens ook op 'n ander wyse as deur geslagsgemeenskap verwek kan word, moet steeds in gedagte gehou word dat dit *God* is wat bevrugting ook buite die menslike liggaam laat plaasvind. Dit vra van almal wat daarby betrokke is dat hulle moet optree met eerbied en in nederigheid en in die besef van hulle afhanklikheid van God.

### 6.2 Bevrugting is die begin van menslike lewe

Op grond van onder andere Job 10:8-12 en Psalm 139:13-16 moet as beginselstandpunt aanvaar word dat God 'n menslike lewe tot stand laat kom op die oomblik wat bevrugting plaasvind (vgl. Phillips & Dawson, 1985:82). Dat bevrugting die één punt is waarop menslike lewe begin, word in die jongste tyd al sterker deur genetici en ander wetenskaplikes ondersteun (Du Toit, 1989b:108). Al is dit dan nog net 'n mens in miniatuur, dit is en bly voor God 'n mens wat lewe omdat Hy aan hom/haar die lewe gegee het. Met die lewe van hierdie mens mag daar ook nie op so 'n wyse geëksperimenteer word dat die sesde gebod in gedrang kom nie (vgl. Kroeze, 1989:209-213). Dit geld ook vir al die aksies rondom surrogaatmoederskap.

### 6.3 Die mens as beeld van God

Op verskeie plekke in die Skrif word gesê dat die mens na die beeld van God en as verteenwoordiger van God geskape is (Gen. 1:27; 5:1; 9:6; Jak. 3:9).

Om beeld van God te wees, beteken dat daar 'n *analogie* tussen God en mens is en dat God en mens met mekaar vergelyk kan word omdat daar sekere trekke of eienskappe is wat sowel by God as by die mens gevind word (Heyns, 1970:100-104; 1974:87-89). Om egter die beeld van God te wees, beteken ook dat die mens God se *verteenwoordiger* op aarde is (Cronjé e.a. 1973:5; Berkouwer, 1957:119; Berkhof, 1969:86-87).

Die mens is die beeld en verteenwoordiger van God op aarde, en hy is dit heel van die begin van sy lewe af. Cronjé en andere (1973:5) stel dit so:

> Die mens, omdat hy *mens* is, van die allereerste oomblikke van sy bestaan, dit wil sê vanaf die moment van konsepsie, verteenwoordig God op aarde. Weliswaar kan hy nie onmiddellik sy representatiewe taak funksioneel en aktief uitvoer nie. Maar sy status voor God, *in onderskeiding van alle ander kreature*, is dié van God se verteenwoordiger ... Vanaf die eerste oomblik van menslike bestaan in die skoot van die moeder, tot die laaste oomblik op die sterfbed, is die mens, mens, geskape na Gods beeld, en sal daar dan ook dienooreenkomstig met hom en teenoor hom opgetree moet word.

Al kan 'n mens (nog) nie kommunikeer nie, beteken dit nie dat so 'n persoon 'n laer graad van menslike lewe het nie (Ps. 139:13-16), want hy is beeld van God; daarom mag hy ook nie 'n laer graad van beskerming in die samelewing geniet nie. Dit geld ook van embrio's en fetusse.

Ook hierdie feit dat die mens van die eerste oomblik van sy embriobestaan af beeld en verteenwoordiger van God is, is 'n belangrike meesprekende faktor by surrogaatmoederskap. Die feit dat 'n klein hoeveelheid van die embrio's wat verkry word, ontwikkel tot kinders wat gebore word en 'n groot gedeelte daarvan tot niet gemaak of doodgemaak word, plaas die praktyk van *in vitro*-bevrugting en surrogaatmoederskap eties onder verdenking. Dit blyk veral duidelik uit Genesis 9:6 waar die mens verbied word om 'n ander mens dood te maak *juis omdat die mens na die beeld van God geskape is*.

### 6.4 Christus se ontvangenis en geboorte

As gevolg van die erfsonde staan die mens skuldig voor God van die moment van bevrugting af. Dit blyk duidelik as Dawid in Psalm 51:7 sê: "Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het." Juis daarom is die belydenis insake Christus vir die gelowiges van die allergrootste belang, naamlik dat Hy nie hulle Verlosser kon wees as Hy nie reeds in sy lewe as embrio en fetus ware, regverdige mens én ware God was nie. Omdat dit wel die geval was, glo Christene dat Hy die sonde waarin hulle ontvang en gebore is (die erfsonde) met sy onskuld en volkome heiligheid van hulle embriobestaan af voor God bedek (Heidelbergse Kategismus antw. 36).

In hierdie lig kry die lewe van die mens as embrio en fetus 'n unieke betekenis. Omdat die mens as embrio en fetus die voorwerp van God se besondere sorg en liefde in en deur Jesus Christus is, verdien hy ook in daardie stadium van sy lewe die hoogste

beskerming en mag hy nie bloot die voorwerp van riskante eksperimentele handelinge wees nie (vgl. Cronjé e.a. 1973:7; Du Toit, 1978:89). Daarom is die feit dat embrio's, wat deur *in vitro*-bevrugting met die oog op surrogaatmoederskap verkry word, en tog uiteindelik verlore gaan, 'n geringskatting van die betekenis van Christus se ontvangenis en geboorte vir die mens vanaf sy bestaan as embrio (Gen. 17:7; Hand. 2:38-39; Heb. 10:29).

### 6.5 God verbied doodslag

Dit is uit die Skrif baie duidelik dat God wil hê dat die lewe van die mens beskerm moet word. Dit blyk duidelik uit die sesde gebod (Eks. 20:13; Deut. 5:17). Hierdie eis van God het betrekking op die mens se hele lewe, dit wil sê van die moment van bevrugting af tot die laaste asem uitgeblaas word. Daarom moet die vernietiging van embrio's in die proses van *in vitro*-bevrugting en surrogaatmoederskap beskou word as strydig met die uitdruklike wil van God.

### 6.6 Die strukture wat God daargestel het, moet eerbiedig word

In die behoeftes van 'n mens mag nie voorsien word ten koste van Bybelse beginsels nie. Trouens, as iets gedoen *kan* word, beteken dit hoegenaamd nog nie dat die Here goedkeur dat dit ook gedoen *mag* word nie. Daarom moet die strukture wat God daargestel het en die gebooie wat Hy in verband met dié strukture gegee het, eerbiedig word.

By surrogaatmoederskap is dit veral die strukture van die huwelik en die huisgesin wat geraak word, en die gebooie wat daarby betrokke is, is veral die gebooie in verband met kuisheid en die beskerming van die lewe. In dié lig beskou, beteken dit dat die sperma van 'n skenker nie gebruik mag word nie maar slegs dié van die wettige eggenoot. Ook mag die ovum van niemand anders as die vrou van die opdraggewende egpaar afkomstig wees nie (vgl. punt 5.2).

As 'n egpaar alles in hulle vermoë gedoen het om ooreenkomstig die gebooie van God en binne die strukture wat God daargestel het, die probleem van kinderloosheid op te los en dit is nie suksesvol nie, moet hulle hulle daarmee versoen en leer om die kruis wat God hulle opgelê het, te aanvaar en in die krag van die geloof in God ook te dra. Dit sal nie altyd maklik wees nie omdat sekere vrouens kinderloosheid "as iets erger as

die dood ervaar" (Sevenster, 1989:119), maar met die hulp van God is dit wel moontlik. Hy het trouens belowe dat Hy nie sal toelaat dat sy kinders bo hulle kragte versoek sal word nie (1 Kor. 10:13).

### 6.7 Die band tussen moeder en kind

'n Ernstige beswaar teen die aanwending van 'n surrogaatmoeder is dat daar nie genoegsaam rekening gehou word met die feit dat daar normaalweg tydens swangerskap en geboorte emosioneel en andersins 'n sterk band tussen die moeder en die kind groei en dat sy haar met haar kind identifiseer nie (Phillips en Dawson, 1985:81). Die band tussen die moeder en die kind lê volgens die ordening van God baie dieper as bloot die genetiese faktor. Daar is diep psigiese bande wat ontwikkel tussen die vrou en die kind in haar, selfs al was haar eie ovum nie betrokke by die produksie van die embrio nie (Nelson & Rohricht, 1984:97). Die emosionele band tussen die moeder en die kind wat sy dra, is deel van moederskap en vroulike identiteit (vgl. Keane, 1983:162). Die implikasie daarvan is dat as die surrogaat betrokke raak by haar swangerskap, sy in 'n sekere sin 'n onreg aangedoen word wanneer die kind van haar weggeneem word en aan die opdraggewende egpaar gegee word (Nelson & Rohricht, 1984:111). As sy emosioneel onbetrokke bly - as dit moontlik is - word sy verlaag tot 'n menslike broeikas of 'n blote kind-fabriek (Phillips & Dawson, 1985:81; Heyns, 1985:25; 1986:326).

Nou kan gesê word dat presies dieselfde argument ook geld van 'n meisie/vrou wat haar kind vir aanneming beskikbaar stel. In 'n bepaalde sin is dit ook waar. Die verskil is egter dat, veral in die huidige situasie, so 'n meisie/vrou onder *geen* verpligting is om haar kind vir aanneme beskikbaar te stel nie, terwyl die surrogaatmoeder *wel* verplig is om die kind aan die opdraggewende egpaar af te staan.

### 6.8 Konsiderasie van die kind

By 'n besinning oor die motiewe wat 'n egpaar beweeg om hulle toevlug tot surrogaatmoederskap te neem, dui alles daarop dat dit primêr daarop gerig is om 'n egpaar te bevry van die leed van kinderloosheid. Dit is ook heeltemal verstaanbaar. Tog kry 'n mens by dit alles die indruk dat daar nie voldoende gedink word aan die situasie waarin die kind later kan verkeer nie (vgl. byvoorbeeld Veldhuis, 1987:14-15). Wat sal byvoorbeeld gebeur as die kind gebreklik is? Dit kan daartoe lei dat die opdraggewende ouers die kind nie wil hê nie en die surrogaatmoeder ook nie.

Normaalweg sal ouers die kind wat die Here aan hulle gee, aanvaar of hy/sy gebreke het of nie. Hulle sal, as hulle oortuigde Christene is, weet dat God dit so beskik het en dat Hy daarmee 'n doel het. Sal hulle egter nog so voel as 'n kind in 'n sekere sin die produk van 'n handelstransaksie is? Teoreties behoort hulle, maar sal dit ook in die praktyk gebeur? En hoe sal 'n ongelowige egpaar reageer? Wat sal gebeur as die opdraggewende egpaar skei of sterf? Hoe moet opgetree word as die surrogaatmoeder weier om die kind af te staan? En wat moet gebeur as die kind gebreklik is as gevolg van die doen en late van die surrogaatmoeder? (Vgl. in dié verband Gorovitz, 1983:145-154.)

Hieruit blyk dat surrogaatmoederskap ook baie oneties kan wees as daar nie vir verskillende situasies wat kan opduik, voorsiening gemaak word nie. Dit kan daartoe lei dat daar gedobbel word met die lewe van 'n mens wat dalk ook nog 'n verbondskind kan wees.

Dit is 'n ope vraag of daar by surrogaatmoederskap van die begin af voldoende gedink word aan die belange van die kind - ongeag of hy/sy gesond of gebreklik sal wees. Hoe gaan die feit dat 'n surrogaat aan hom/haar geboorte gegee het sy/haar identiteit en selfbeeld later in die lewe raak? Indien alle situasies wat moontlik kan voorkom, nie vooraf deurdink en deeglik oorweeg is nie, kan dit daartoe lei dat die kind verlaag word tot 'n handelsartikel wat op bestelling 'gemaak is' in 'n 'vroulike fabriek' en ... niemand wil graag 'n artikel met fabrieksfoute hê nie.

### 6.9 Die vergoeding van surrogaatmoeders

Soos reeds aangedui (vgl. punt 2), word daar in die jongste tyd groot bedrae geld betaal aan vrouens wat bereid is om as surrogaatmoeders op te tree. Die vraag is of dit reg is. Behoort so 'n vrou vergoed te word?

Keane (1983:119) is van oordeel dat die betaal van fooie aan surrogaatmoeders een van die grootste probleme in die hele proses van surrogaatmoederskap geword het. Sevenster (1989:119) stel dit kort en saaklik: "Surrogasie vir kommersiële doeleindes is nie aanvaarbaar nie."

Van die vrou se kant gesien, is die swangerskap en geboorte 'n groot opoffering, sodat 'n mens kan verstaan waarom sekere vrouens oortuig is dat hulle vir die diens wat hulle lewer, vergoed behoort te word. Aan die ander kant kan betaling vir surrogaatmoeder-

skap die gedagte versterk dat 'n vrou op dié wyse tot 'n kindfabriek gedegradeer word. En sal dit nie lei tot wanpraktyke as vrouens met die oog op 'n groot inkomste met mekaar gaan kompeteer vir die gebruik van hulle liggame nie?

Vanweë eise van miljoene dollars wat in die VSA oor en weer tussen opdraggewende ouers, die surrogaatmoeder, die dokter en die prokureur teen mekaar ingestel is, asook ander probleme rondom surrogaatmoederskap, beoog verskeie state daar om wetgewing in te dien waardeur enige finansiële voordeel vir al die betrokkenes verbied word (Nelson & Rohricht, 1984:106).

Dit moet egter duidelik gestel word dat as daar geld vir surrogaatmoederskap betaal word, dit nie as die verkoop van babas beskou kan word nie (vgl. Weil, 1983:138). Hoewel daar sekere ooreenkomste tussen die twee is, is daar tog ook 'n duidelike verskil.

Dit spreek vanself dat die opdraggewende egpaar die surrogaatmoeder moet vergoed vir alle onkostes (insluitende verbeurde inkomste) wat aangegaan word ten opsigte van die swangerskap. Dit beteken dat dit nie net 'n vergoeding moet wees vir die gewone koste as alles normaal verloop nie, maar ook vir 'n eventuele miskraam en enige komplikasie wat uit die swangerskap kan voortspruit.

Indien 'n egpaar wel van 'n surrogaatmoeder gebruik wil maak, sal dit waarskynlik die beste wees as 'n familielid of 'n goeie vriendin, wat nie vergoeding verwag nie, as surrogaat optree. Daardeur sal sekere van die aanstootlike aspekte van surrogaatmoederskap uitgeskakel word. Tog kan die feit dat die surrogaatmoeder 'n familielid of 'n vriendin is ook groot probleme skep soos die geval was met die tweelingsusters, Christine en Magali, in Frankryk (vgl. punt 2).

### 6.10 Die huwelikstatus van die surrogaatmoeder

Die surrogaatmoeder behoort 'n getroude vrou te wees, want andersins kan sy daarvan verdink word dat sy haar skuldig gemaak het aan voorhuwelikse geslagsgemeenskap, wat strydig met die Christelik-etiese beginsels is (De Bruyn, 1982:237-332). Bowendien behoort 'n vrou hulp en bystand van haar man tydens swangerskap te ontvang - ook in 'n uitsonderlike situasie waar sy as surrogaat optree. In Suid-Afrika is dit wetlik verbode om kunsmatige inseminasie op 'n ongetroude vrou uit te voer (Suid-Afrika, 1986:31). Daaruit kan afgelei word dat dit vir 'n ongetroude vrou ook verbode sal wees om as surrogaatmoeder op te tree.

Verder is dit beslis wenslik en noodsaaklik dat die surrogaatmoeder 'n vrou moet wees wat reeds minstens een kind in die wêreld gebring het. As sy self nog nie 'n kind of kinders het nie, is die moontlikheid groter dat sy haar so sterk kan verbind en identifiseer met die kind waarmee sy swanger is dat die afstaan van die baba aan 'n egpaar vir haar emosioneel buitengewoon swaar sal wees. Daarby kom nog dat die betrokke vrou 'n persoon kan wees wat tydens swangerskap baie probleme kan ondervind soos dreigende miskrame, nierinfeksies, hoë bloeddruk, ensovoorts, en dit is ongewens en onverantwoordelik om so 'n vrou as surrogaat te gebruik. Van dergelike probleme sal 'n mens slegs kennis kan dra as dit 'n vrou is wat reeds aan minstens een kind geboorte gegee het.

## 7. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING EN RIGLYNE

### 7.1 Samevattende gevolgtrekking

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die pad van surrogaatmoederskap met die uiterste versigtigheid betree moet word. Nelson en Rohricht (1984:114) stel dit so: "Because of the psychological and relational dangers, and because of the numerous unanswered legal problems at present, we find the use of surrogate mothers highly questionable".

Hoewel die Christen surrogaatmoederskap op hierdie stadium nie in alle gevalle radikaal behoort af te wys nie, kan hy nie anders nie as om in die lig van die Skrif en in die lig van praktiese probleme negatief daarteenoor te staan. Verskeie aspekte daarvan behoort die gelowige baie huiwerig te maak om daaraan oorweging te skenk.

### 7.2 Riglyne

Indien daar van surrogaatmoederskap gebruik gemaak moet word as 'n laaste uitweg om kinders te kry, behoort die volgende riglyne vir die Christen te geld:

* Die betrokkenes moet erken dat dit God is wat bevrugting ook buite die liggaam van die vrou laat plaasvind en dat dit Hy is wat die lewe van die mens met bevrugting laat begin. Daarom mag embrio's nie bloot uit 'n materialistiese oogpunt beskou en behandel word nie.

* Die embrio (of embrio's) wat in die surrogaatmoeder geplaas word, moet saamgestel wees uit die ovum (ova) en sperma van 'n getroude paar. Surrogaatmoederskap mag nie deur heteroloë kunsmatige inseminasie bewerk word nie.

* Alles moet in werking gestel word om te voorkom dat enige embrio in die proses beskadig of vernietig (gedood) word.

* Daar mag nie meer embrio's in die surrogaatmoeder se liggaam geplaas word as wat sy tydens swangerskap kan dra nie, sodat 'n aborsie van een of meer van die fetusse nie later nodig mag wees nie.

* 'n Behoorlike kontrak wat alle aspekte van surrogaatmoederskap in die besondere geval dek, moet opgestel, deur alle partye onderteken en *deur die hof bekragtig word* sodat daar geen ontduiking van pligte en verantwoordelikhede kan wees nie.

* Geen vergoeding moet aan die surrogaatmoeder betaal word nie om te voorkom dat surrogaatmoederskap gekommersialiseer word. Alle onkostes (insluitende verbeurde inkomste) wat deur die surrogaatmoeder ten opsigte van die swangerskap en geboorte en selfs eventuele komplikasies aangegaan word, behoort egter ten volle vergoed te word. In die lig hiervan sal dit goed wees as die surrogaatmoeder 'n familielid of 'n goeie vriendin van die opdraggewende egpaar is, hoewel dit nie 'n dwingende vereiste hoef te wees nie.

* Die surrogaatmoeder moet 'n getroude vrou wees wat minstens een kind in die wêreld gebring het.

## 8. BIBLIOGRAFIE

AALDERS, G. Ch. 1963. Het boek Genesis II. Korte verklaring der Heilige Schrift. Kampen : Kok.

ANON. 1985. Uitgeworpe ... omdat ek 'n baba vir ander baar. *Huisgenoot*, 20-22. Jul. 25

BERKHOF, H. 1969. De mens onderweg: een christelijke mensbeschouwing. 's-Gravenhage : Boekencentrum.

BERKOUWER, G.C. 1957. De mens het beeld Gods. Kampen : Kok.

BOUWMAN, A. 1958. Inseminatie. (*In* Christelijke Encyclopedie - 3. 2de druk. Kampen : Kok. p. 616.)

BUYS, P.W. 1976a. Die botsing van pligte as etiese vraagstuk. Potchefstroom : PU vir CHO.

BUYS, P.W. 1976b. Vraagstukke rondom die lewe - 'n Gereformeerd-etiese perspektief. *Die Gereformeerde Vroueblad*, 30(12):10-14, Mei.

COETZEE, J.C., DE KLERK, B.J. & FLOOR, L. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. *In die Skriflig*, 14(54):12-26. Junie.

CRONJé, H. e.a. 1973. Aborsie: verslag van kommissie vir ondersoek insake Christelike etiek vir mediese praktyk. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

DE BEAUFORT, INEZ 1985. Ethiek en medische experimenten met mensen. Assen/Maastricht : Van Gorcum.

DE BRUYN, P.J. 1982. Voorhuwelikse geslagsgemeenskap: 'n teologies-etiese studie. (Ongepubliseerde Th.D. proefskrif - PU vir CHO.)

DE BRUYN, P.J. 1990. Plaasvervanger-ma? Surrogaatmoederskap. *Die Kerkblad*, 92(2839):9-12, Maart 21.

DE VRIES, W.G. 1970. Het huwelijk in ere. 4de druk. Groningen : De Vuurbaak.

DOUMA, J. 1978. Christelike ethiek: capita selecta II. Kampen : Van den Berg

DU TOIT, D.A. 1978. Die Christen en aborsie. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

DU TOIT, D. 1989a. Vraag en antwoord : 'n aantal aktuele vrae met antwoorde uit die Bybel. Wellington. Bybelkor.

DU TOIT, D. 1989b. Antropologie en embriologie. (*In* Theron, P.F. & Kinghorn, J. *reds.* Koninkryk, kerk en kosmos: huldigingsbundel ter ere van prof. W. D. Jonker. Bloemfontein : Pro Christo Publikasies. p. 101-111.)

GOROWITZ, S. 1983. On surrogate mothers. (*In* Ganos, Doreen e.a. *eds.* Difficult decisions in medical ethics: the fourth volume in a series on ethics, humanism and medicine. New York : Alan R. Liss. p. 145-154.)

HEYNS, J.A. 1970. Die nuwe mens onderweg: oor die Tien Gebooie. Kaapstad/Johannesburg : Tafelberg.

HEYNS, J.A. 1974. Die mens: Bybelse en buite-Bybelse mensbeskouinge. Bloemfontein : Sacum.

HEYNS, J.A. 1985. Mediese etiek. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

HEYNS, J.A. 1986. Teologiese etiek 2/1. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

KEANE, N.P. 1983. Surrogate motherhood: past, present and future. (*In* Ganos, Doreen e.a. *eds.* Difficult decisions in medical ethics, humanism and medicine. New York : Alan R. Liss. p. 155-164.)

KROEZE, IRMA J. 1989. Die aard van die regverdigingsgronde by aborsie. (Ongepubliseerde LL.M. verhandeling - PU vir CHO.)

LEIGH, WENDY. 1982. Babamakers te huur. *Huisgenoot*: 18-19,21. Febr. 4.

LINDEBOOM, G.A. 1960. Opstellen over medische ethiek. Kampen : Kok.

LOUW, D.J. 1988. Vigs: die radikale siekte met 'n radikale uitdaging aan die pastorale bediening. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 19(1): 66-79.

METELERKAMP, PETROVNA. 1984. Vyftien rand 'koop' 'n pa. *Huisgenoot*: 158-159. Des. 6.

MOORE, SALLY. 1985. Gehuur om te baar ... toe die hartseer. *Huisgenoot*: 18-20. Jan. 24.

NELSON, J.B. & ROHRICHT, JO A.S. 1984. Human medicine: ethical perspectives on today's medical issues. Minneapolis : Augsburg Publishing House.

PIETERSE, H.J.C. 1982. Die etiese perspektief. (*In* Pieterse, H.J.C. *red.* Die proefbuisbaba: toekomsskok of nuwe burger? Pretoria : NG Kerkboekhandel. p.31-36.)

PHILLIPS, MELANIE & DAWSON, J. 1985. Doctor's dilemmas: medical ethics and contemporary science. Brighton (Sussex) : Harvester Press.

PORLIER, COLETTE. 1983. Ek het 'n baba gekry vir my suster. *Huisgenoot*: 17-19. Mei 26.

SCHELLEN, A.M.C.M. 1960. De artificiële inseminatie bij de mens. Utrecht/Antwerpen : Het Spectrum.

SEVENSTER, C. 1989. Proefbuisbabas: medies-etiese oorwegings. (*In* Vos, C. & Muller, J. *reds.* Geboorte en kindwees. Pretoria : Orion. p. 117-120.)

STRAUSS, S.A. 1982. Geneeskundige en gesondheidsreg. (*In* Bosman Francis & Eckard M. M. *reds.* Welsynsreg. Johannesburg/Kaapstad : Lex Patria. p. 535-562.)

SUID-AFRIKA (Republiek). 1983. *Wet op Menslike Weefsel* (Wet 65 van 1983). Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1986. Regulasies betreffende die kunsmatige bevrugting van persone, en aanverwante aangeleenthede. (Regulasies kragtens die *Wet op Menslike Weefsel*, Wet 65 van 1983.) Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1987. *Wet op die Status van Kinders* (Wet nr. 82 van 1987). Pretoria : Staatsdrukker.

VAN DER MERWE, J.V. 1982. Die mediese perspektief. (*In* Pieterse, H.J.C. *red.* Die proefbuisbaba: toekomsskok of nuwe burger? Pretoria : NG Kerkboekhandel. p. 1-10.)

VELDHUIS, R. 1987. Kunsmatige voortplanting en de rechten van kinders. *Evangelisch commentaar*, 5(1): 14-15, Jan. 9.

VELEMA, W.H. 1988. Etische aspecten van de In vitro fertilisatie. (*In* De Bruyn, P.J. *red.* Waar die paaie saamwoon; opgedra aan prof. P. W. Buys, Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. p. 184-203.)

VENTER, S.P. 1988. Surrogaatmoederskap. (Ongepubliseerde Th.B. skripsie - PU vir CHO.)

WEIL, BARBARA J. 1983. Introduction: surrogate mothering. (*In* Ganos, Doreen e.a. *eds.* Difficult decisions in medical ethics: the fourth volume in a series on ethics, humanism and medicine. New York : Alan R. Liss. p. 137-139.)